

Jou geld moet langer as jy 'lewe'

Kies só tussen lewensannuïteit en 'n 'lewendige' een

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

Ek kry die vraag gereeld: Wat is die verskil tussen 'n lewende annuïteit en 'n lewensannuïteit?

Albei bied 'n pensioen ná aftrede. Maar daar is meer. Kom ons kyk.

Wanneer jy die dag besluit om af te tree of op te hou met werk, moet jy seker wees van 'n inkomste vir die res van jou lewe.

Belangrik vir ons bespreking vandag is die bron van daardie geld waaruit jy die inkomste moet haal vir die res van jou lewe.

Die "res van jou lewe" is net so belangrik. Ek dink baie mense mis hierdie punt, want gereeld hoor ek van "daar moet iets vir die kinders oorby as ek dood is". En dan (gewoonlik) neem hulle minder slim geldbesluite.

Dit gaan om die res van jou lewe, mens. Doen die beste wat jy kan. Laat die kinders na hulself omsien.

Dit gesê, kom ons kyk na die bron van jou aftreegeld. Is dit "verpligte" of "diskresionêre" geld? Dit is die eerste vraag wat ons moet beantwoord. Dit sal bepaal hoe en waar jy kan (mag) belê vir 'n aftree-inkomste.

As ons praat van verpligte geld, dan is dit geld wat uit 'n pensioen- of voorsorgfondse waarvan jy lid was, beskikbaar is om vir jou 'n inkomste (pensioen) mee aan te koop. Dit sluit in geld uit 'n uitree-annuïteit (UA).

Wat is die verskil?

Dan het jy die keuse van 'n lewende annuïteit of 'n lewensannuïteit. Daar is deesdae selfs 'n kombinasie van die twee, wat vir baie mense deurmekaar maak.

Onthou, 'n lewende annuïteit is "lewendig".

Dit is lewendig in die sin dat jy (hoelik met die raad van 'n goeie en etiese finansiële raadgever) besluit oor die fondse waarin jou geld belê word en dus self die beleggingsrisiko dra. Dit is ook lewendig in die sin dat jy besluit oor die inkomste wat jy jaarliks daaruit wil onttrek. Solank dit binne die perk van 2,5% en 17,5% per jaar is.



Deur die regte annuïteit uit te neem kan jy gemoedsrus vir jou oudag koop.
| FOTO: ISTOCK

Aftrede – 'as ek maar net...'

Ek en 'n paar vriende gesels dié week oor beleggings en hoeveel genoeg is vir aftrede.

Ek sal maar nie sê hoeveel keer die sug, "as ek maar net..." opgeduik het nie.

'n Lekker speletjie. Met 'n tikkie spyt.

Speel dit gerus. Dit laat 'n mens se oë oopgaan.

En as jy verder dink, beseef jy hoe jy nou al vir jou kinders of kleinkinders se aftrede kan sorg.

Hier is die syfers. Ek gebruik 'n bekende gebalanseerde fonds, nie een of ander ná-die-tyd-slim-batesamestelling nie. Ek noem nie die naam nie. Ek bly onbetrokke en onafhanklik.

Hoe doen jy dit? Eenvoudig, belê vir hom

of haar op 18-jarige ouderdom net R1 miljoen.

Op ouderdom 65 jaar sal die kind – sonder dat enigeen enigiets verder hoef by te dra – kan aftree met (gegrond op die historiese groei in die fonds van 15,5% gemiddeld per jaar, ná koste) 'n neseier van R873 681 739. Laat 'n mens se oë traan, nè?

Hoe kry jy die R1 miljoen op 18 jaar?

Spaar van geboorte af net R850,54 per maand. Dan stop jy.

Maak seker die kind mors nie geld uit voor aftrede nie. Spaar dit in 'n uitree-annuïteit.

As jy maar net...

Nog raad

Kortom, dit is lewendig, want jy neem die besluite.

En jy dra al die risiko. As jy besluit op maksimum inkomste van 17,5% per jaar en jou belegging groei net met 5% dan kan jy jou mos indink dat jy sommer gou lang geld-trane gaan huil.

En 'n lewensannuïteit? Dink aan die "lewens" in lewensversekering. Dit is lewenslank gewaarborg.

Jy sluit 'n kontrak met 'n lewensversekerer wat in ruil vir 'n bedrag geld - jou aftreegeld - vir jou vir die res van jou lewe 'n inkomste voorsien. Jy het geen verantwoordelikheid ten opsigte van beleggings nie en jy dra geen beleggingsrisiko nie.

Jou inkomste is kontraktueel vasgemaak. Jy kan 'n gelykblywende inkomste kry of een wat met inflasie styg elke jaar.

Die besluit moet liewer geneem word in samewerking met jou finansiële raadgever.

Welke een van die twee die beste is?

Die twee grootste faktore hier is die

kapitaal wat beskikbaar is en die inkomste wat jy wil hê. 'n Goeie beginpunt is as jy meer as so 5% tot 7% per jaar van jou kapitaal moet neem vir inkomste, oorweeg gerus 'n lewensannuïteit, want anders begin jy die risiko loop om jou kapitaal te verweer.

As jy nou moet koop, lyk die lewensannuïteit na 'n goeie opsie danksy rentekoerse wat nou hoog is.

Byvoorbeeld, in 'n kwotasie wat ons verlede week vir 'n kliënt ('n vrou) gedoen het, gee ons 'n gelykblywende inkomste gelyk aan 10% per jaar gewaarborg lewenslank. By dood is die volle oorspronklike beleggingskapitaal boonop uitbetaalbaar aan 'n begunstigde.

Koop gemoedsrus

Hier is nou iets wat baie mense deurmekaar maak.

Jy kan 'n lewensannuïteit net koop met verpligte geld. Met ander woorde geld wat sy oorsprong het in 'n aftreeproduk soos ek hierbo noem.

Wat van geld wat jy gespaar het?

Diskresionêre geld. Dus nie geld wat uit 'n aftreefonds kom nie. Byvoorbeeld, jy het 'n saak verkoop of 'n groot huis verkoop en jy wil hierdie geld nou belê om vir jou 'n na-aftrede-inkomste te voorsien.

Jy kan natuurlik geld in 'n diskresionêre belegging onttrek soos jy wil, maar as jy soortgelyke gemoedsrus wil hê ten opsigte van inkomste en beleggingsrisiko as met 'n lewensannuïteit is daar vir jou 'n soortgelyke produk beskikbaar.

Ons noem hom 'n vrywillige annuïteit.

Maklik om te onthou. Vrywillig, want dit word aangekoop met diskresionêre geld. En die syfers lyk tans ewe goed.

'n Kwotasie (ook vir 'n vrouekliënt) gee 'n gelykblywende inkomste lewenslank van 10% op die kapitaal. Dit is eweneens lewenslank gewaarborg en die kapitaal is eweneens terugbetaalbaar by dood aan naasbestaendes.

Terloops, hierdie syfers, in albei gevalle, is na-belaste-inkomste.

Jou geslag en ouderdom is faktore wat in ag geneem word by die uiteindelijke syfers.

Belangrik om te onthou, is dat by aftrede het jy die einde van jou verdienvermoë bereik (vir die meeste mense). Jy moet seker maak dat jy 'n inkomste het wat gaan hou.

Ek hoor ook soms mense praat van "as ek 'n lewensannuïteit (of 'n vrywillige annuïteit) koop is my geld weg".

Nee, dit is nie weg nie. Jy het iets gekoop daarmee. Jy het 'n lewenslange gewaarborgde inkomste gekoop. En gemoedsrus.

Die een ding wat jy nie wil hê nie, is dat jou geld voor jou "doodgaan".

Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beamptener en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com